# PRO SEVEN STAR SERVICES

BETREKKINGS

## Washuis: Toesighouer

Pro Seven Star Services is ’n dinamiese organisasie met ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde **Washuis: Toesighouer** by die vakansieoord **ATKV-Hartenbos.**

Die Pro Seven Star Services volg ’n gelyke indiensnemingsbeleid.

**Vernaamste areas van verantwoordelikhede sluit in:**

- **Personeelbestuur**: Administrasie, beplanning en interne opleiding van personeel.
- **Koördinering en Toesigbeheer** rakende die washuis, die linnestoor, die ontvang en uitreiking van linne, die vervanging van gebreekte toerusting en tekorte, die rapportering van probleme en die uitvoering daarvan.
- **Kwaliteitsbeheer** effektiewe toesighouding en deurlopende inspeksies om te verseker dat die voorskrifte en pligte nagekom en standaarde gehandhaaf word.
- **Kliëntediens:** Hantering van gaste en personeel met ’n positiewe en vriendelike uitkyk**.**
- Nakoming van **Beroepsgesondheid en -Veiligheidsreëls** en moniteer vir afdeling en store.
- Enige adhoc versoek gerig deur die bestuurder van die betrokke oord en\of afdeling.
- Beskik oor die vermoë om swaar vragte op te tel en af te laai.

**Vereiste kwalifikasies, ondervinding en voorkeur vaardighede:**

- Graad 12 of toepaslike ervaring.
- Kennis van huishoudingtake, insluitend die hantering van huishoudelike skoonmaakmiddels-, chemikalieë implemente en toerusting.
- Geldige kode 8 bestuurslisensie.
- Goeie taalvaardigheid en kommunikasie vermoë in Afrikaans en Engels.
- Uitstekende menseverhoudings en moet in ’n span kan werk.
- Moet skofte kan werk en nie gebonde wees aan kantoorure nie.
- Onder druk funksioneer.

As jy graag vir so ’n dinamiese organisasie wil werk, stuur jou volledige CV aan:

Sureth Beukes by HBBetrekkings@atkv.org.za
Sluitingsdatum: **4 September 2026 voor 12:00.**
Gebruik asseblief as verwysing: **HBPHV05**

**Geen behuising word verskaf nie.**

**As jy vier weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.**

Pro 7 Services